Education and Sport Development
Department of Education and Sport Development
Departement van Onderwys en Sport Ontwikkeling
Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko
NORTH WEST PROVINCE

# PROVINSIALE FINALE EINDJAAR

# EKSAMEN 2019

# LEWENSORIËRING

# GRAAD 11

**PUNTE:** **80**

**TYDSDUUR:** **2 URE**

Die vraestel bestaan uit 10 bladsye

**INSTRUKSIES AAN DIE LEERDERS:**

1. Die vraestel bestaan uit TIEN bladsye
2. Nommer jou vrae dieselfde as in die vraestel.
3. Die vraestel bestaan uit drie (3) afdelings:

   3.1. Afdeling A: 20 Punte verpligtend.

   3.2. Afdeling B: 30 Punte verpligtend.

   3.3 Afdeling C: 30 punte (kies slegs TWEE vrae).
4. Skryf netjies, duidelik en leesbaar.
5. Gebruik 'n blou of swart pen.
6. Lees alle instruksies sorgvuldig deur voordat jy dit beantwoord.
7. Maak seker dat jy jou naam en van neergeskryf het.
8. Beantwoord elke AFDELING op 'n NUWE bladsy.

## AFDELING A

## VRAAG 1

**Verskeie opsies word gegee as antwoorde vir die volgende vrae. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer in jou antwoordboek. Bv 1.1.12 E**

1.1. Watter een van die volgende is kenmerkend van doelwitstelling?

A. Dit moet in 'n dagboek neergeskryf word.
B. Dit moet slegs langtermyn wees.
C. Dit moet die doel bevat.
D. Dit moet realisties wees.

1.2. 'n Langtermyndoelwitstelling kan verklaar word as ...

A. 'n doel wat binne drie maande bereik kan word.
B. om nie realisties te wees nie.
C. 'n doel wat in tien jaar bereik kan word.
D. 'n haalbare droom.

1.3. Dui belangrike dinge aan wat jy moet onthou as jy 'n vergadering hou.

A. Die persoon wat die voorsitter van die vergadering is, moet meer tyd kry as die ander om te praat.
B. Dit is nie nodig om 'n agenda op te stel en te volg nie.
C. Belangrike inligting en besluite wat geneem word, moet genotuleer word.
D. Almal moet praat soos sy / hy wil en 'n houding toon.

1.4. Gesonde verhoudings sluit die volgende in:

A. gemeenskaplike belange, respek en eerlikheid.
B. kultuur, vertroue en lojaliteit.
C. geheimhouding, lojaliteit en eerlikheid.
D.om jou rykdom, geld en idees te deel.

1.5. 'n Billike toelatingstelsel en keuringsprosedures word gebruik om te verseker dat

A. alle leerders in die hoërskool kry geleenthede en word billik behandel.
B. slegs diegene met 'n arm agtergrond moet oorweeg word.
C. studente uit alle gemeenskappe moet toegang verkry tot addisionele en hoër onderwysstudies.
D. slegs diegene wat daartoe verbind is om toegang tot die tersiêre instelling te hê.

1.6 Een van die volgende omgewingskwessies is die gevaarlikste aspek wat alle mense affekteer.

A. Lugbesoedeling.
B. Waterskaarste.
C. Gronderosie.
D. Aardverwarming.

1.7. Onwelkome fisieke of onvanpaste kontak in die werkplek of skool word beskou as

A. seksuele teistering.
B. onsedelike aanranding.
C. nie-verbale kommunikasie.
D. verbale kommunikasie.

1.8 'n Aktiwiteit waarin deelnemers as 'n span meeding om in die vinnigste tyd sekere punte op 'n baan te bereik, word ... genoem.

A. atletiek
B. motorwedren
C. oriëntering
D. fietsry

1.9. 'n Geloofstelsel kan gedefinieer word as ...

A. 'n georganiseerde manier om die wêreld rondom ons te probeer verduidelik.
B. 'n idee dat God of gode die heelal geskep het.
C. wat mense weet oor wat reg of verkeerd is.
D. standaard van morele gedrag wat aangeneem kan word.

1.10. As jy hardop deur geskrewe tekste lees, gebruik jy een van die volgende Leerstrategieë:

A. Visueel.
B. Ouditief
C. Kinesteties
D. Handboek (10x1)(10)

**VRAAG 2**

Skryf een woord / term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer, bv. (2.1 tot 2.5) in jou ANTWOORDBOEK.

2.1. 'n Bekommernis wat deur die mense aan die regering voorgelê word waar antwoorde van die owerhede gevra word.

2.2. Beginsels wat mense dink belangrik is in die lewe.

2.3. Om ander vriendelik te behandel, om te gee vir hulle en om tot voordeel van die gemeenskap en mense te werk.

2.4. Verwys na die verskil in ras, kultuur, godsdiens en taal.

2.5. Verskillende oefeninge met verskeie stasies. (5x1)(5)

**VRAAG 3**

3.1 Pas die beskrywing in Kolom B by die defenisie in kolom A. Skryf slegs die korrekte letter langs die vraagnommer. Bv 3.1.1 H.

| KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|
| 3.1.1 Degradering | A | 'n Kwessie wat swak gesondheid veroorsaak. |
| 3.1.2 Preserveermiddels | B | Wreedheid teenoor diere. |
| 3.1.3 Onmenslik | C | Omgewingskwessies. |
| 3.1.4 Bewaring | D | Agteruitgang van die omgewing deur die verwydering van hulpbronne. |
| 3.1.5 Rommelstrooi | E | Omgewingsverantwoordelikheid. |
| | F | Verwys na sosiale verwagtinge oor hoe mans en vroue behoort op te tree. |
| | G | Sosiale kwessies. |

(5x1)(5)

**TOTAAL AFDELING A: [20]**

**AFDELING B (VERPLIGTEND)**

Beantwoord al die vrae in hierdie afdeling. Skryf jou antwoorde in volsinne.

**VRAAG 4**

4.1 Lees die gevallestudie en beantwoord die vrae wat volg:

**WERKETIEK**

Richard werk as 'n persoonlike assistent by die myn. Toe hy vir die pos aansoek gedoen het, het hy 'n CV ingedien wat valse inligting bevat. Hy beweer dat hy veeltalig was en dat hy baie tale praat, onderandere Frans, wat hy nie kon praat nie.

Hy het vaardighede genoem wat hy nie het nie. Hy is genooi vir 'n onderhoud en daarna is hy aangestel, kort daarna is daar bevind dat hy skaars Frans kon praat. Na 'n tugverhoor het die maatskappy besluit om hom 'n waarskuwing te gee. Richard kom gereeld laat in die oggend en na middagete. Hy hou daarvan om veral op Maandae onbeplande verlof te neem en stel sy bestuurder soggens in kennis dat hy van plan is om verlof te neem. Die bestuurder het hierdie gedrag opgemerk, maar doen niks daaraan nie. Hy het besluit om nie die kwessie aan te spreek nie, alhoewel ander werknemers oor die situasie begin kla het. Hy spandeer die meeste van die tyd op internet gedurende werksure.

***Bron: onbekend***


4.1. Bespreek enige foute wat die bestuur kan maak in 'n onderneming wat 'n negatiewe uitwerking kan hê op produktiwiteit. (5x2) (10)

4.2. Stel DRIE strategieë vir die bestuur voor wat hulle moet gebruik om te verseker dat alle werknemers optree volgens hulle werksetiek. (3x2) (6)

**[16]**

## VRAAG 5

Bestudeer die onderstaande prent en beantwoord die vrae wat volg:




***Source: sport magazine***

5.1. Noem enige TWEE maniere waarop sport kan bydra tot nasiebou. (2x1) (2)

5.2. Beskryf op DRIE maniere hoe die gedrag van sommige spelers nasiebou belemmer. (3x2) (6)

5.3. Bespreek DRIE faktore wat kan veroorsaak dat sommige jongmense deelneem aan fisieke- en rekreasie-aktiwiteite. (3x2) (6)

**[14]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

**AFDELING C**

Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdling.

Jou antwoorde moet in 'n paragraaf formaat wees. Punte sal slegs toegeken word as jou antwoorde in vol sinne is.

**VRAAG 6**

Lees die volgende stelling en beantwoord die vrae wat volg:

| **BEPLAN OM TYD TE MAAK DIS JOU SPANMAAT NIE JOU OPPONENT NIE** |
|---|

Skryf paragrawe oor tydsbestuur waarin JY die volgende insluit:

- Identifiseer enige DRIE tydvermorsers. (3x1) (3)
- Verduidelik DRIE maniere waarom tydsbestuur belangrik is. (3x2) (6)
- Beveel DRIE tydbestuurstegnieke aan wat leerders in hul studies moet gebruik. (3x2) (6)

**[15]**

**VRAAG 7**

Bestudeer die volgende spotprent en beantwoord die vrae wat volg:




***Source: unknown***

Skryf paragrawe oor omgewingskwessies waarin jy die volgende insluit:

- Definieer die konsep omgewingskwessies en gee 'n voorbeeld van dié wat 'n negatiewe uitwerking op die omgewing kan hê. (2x1+1)(3)
- Verduidelik in DRIE punte hoe oorstromings die samelewing negatief kan beïnvloed. (3x2)(6)
- Stel DRIE maniere voor wat deur leerders geïmplementeer kan word om omgewingskwessies in hul gemeenskappe aan te spreek. (3x2)(6)

**[15]**

**VRAAG 8**

Lees die stelling hieronder en beantwoord die vrae wat volg:

| |
|---|
| ***Oorweeg die veranderende aard van verhoudings, en lewer veral kommentaar op hoe sosiale en kulturele sienings 'n positiewe bydrae kan lewer tot welstand.*** |
| ***Bron: onbekend*** |

Skryf paragrawe oor verhoudings waarin jy die volgende insluit:

- Verduidelik DRIE maniere waarop sosiale en / of kulturele sienings positiewe welstand kan beïnvloed. (3x1)(3)

- Bespreek hoe die aard van verhoudings die afgelope dekade verander het asook redes vir hierdie verandering. (3x2)(6)

- Stel voor hoe jy familie- en kulturele waardes in hierdie veranderende wêreld kan bewaar. (3 x 2) (6)

**[15]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: 30**

**GROOT TOTAAL: 80**

Education and Sport Development
Department of Education and Sport Development
Departement van Onderwys en Sport Ontwikkeling
Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko
NORTH WEST PROVINCE

**PROVINSIALE FINALE JAAR**

**MERK RIGLYN 2019**

**GRAAD 11**

# LEWENSORIËNTERING

# MERK RIGLYN

Die merk riglyn bestaan uit 9 bladsye

**Instruksies vir merkers:**

1. Oorweeg alle realistiese / relevante antwoorde.
2. Moenie die memorandum met u eie antwoorde uitbrei nie, dit is 'n algemene provinsiale eksamen / taak en moet regverdig geassesseer word regoor die provinsie.
3. Volg die memorandum gedurende die nasienproses, die vrae is inhoudsspesifiek en moet geleer word.
4. Merk noukeurig en kontroleer altyd alle berekeninge en oordrag van punte.
5. Ten minste 10% van die antwoordskrifte moet deur die HOD / vakhoof / senior onderwyser oorgemerk word as deel van die post-moderering.

## AFDELING A

### VRAAG 1 MEERVOUDIGEKEUSE VRAE

1.1 D ✓
1.2 C ✓
1.3 C ✓
1.4 A ✓
1.5 C ✓
1.6 D ✓
1.7 A ✓
1.8 C✓
1.9 A ✓
1.10 B ✓

(10x1) (10)

### VRAAG 2

Gee een woord vir elk van die volgende sinne oor selfkennis en loobaankeuses.

2.1 Petisie✓
2.2 Waardes ✓
2.3 Ubuntu / Mensdom✓
2.4 Diversiteit✓
2.5 Rondte oefeninge (circuit training) ✓

(5x1) (5)

### VRAAG 3

3.1 Pas kolom A by kolom B

3.1.1 D✓
3.1.2 A✓
3.1.3 B✓
3.1.4 E✓
3.1.5 C ✓

(5x1) (5)

**TOTAAL AFDELING A: 20**

**AFDELING B** – Beantwoord alle vrae. Leerders se antwoorde moet in volsinne wees.

**VRAAG 4**

4.1 **Bespreek enige mislukkings wat die bestuur kan maak in 'n instelling wat 'n negatiewe uitwerking op produktiwiteit kan hê.**

- Die bestuur het nie effektiewe beheer oor werkers wat die situasie sal uitbeit nie.
- Daar is nie 'n gedragskode in die werkplek nie.
- Geen dissiplinêre aksie word geneem teen onetiese gedrag in die werkplek nie.
- Dit is moontlik dat ander werkers gedrag van onetiese kollegas sal naboots, en die situasie kan maklik buite beheer raak.
- Geen werkswinkels oor etiek nie.
- Geen motivering aan werkers sodat hul, hul produktiwiteit kan verhoog nie.

**Enige relvante antwoord vir 2 punte.** (5x2) (10)

4.2. **Stel DRIE strategieë voor vir die bestuur oor wat hulle kan volg om te verseker dat werknemers optree volgens die gedragskode.**

- Die maatskappy moet 'n beleid ontwikkel en werknemers oplei om die beleid te volg.
- Die bestuur moet motiverende sessies reël vir die werknemers.
- Die bestuur moet ook opgelei word ten opsigte van gevolgebestuur.
- Daar moet spanbou aktiwiteite wees vir werknemers sodat hulle mekaar kan ondersteun en oopmaak teenoor mekaar.
- Die keuring van paneellede moet ingelig word met die grondige kennis van die posvereistes en die gedragskode.

**Enige relvante antwoord vir 2 punte elk.** (3x2)(6)

[16]

**VRAAG 5**

5.1. **Beskryf enige twee maniere hoe sport kan bydra tot nasiebou:**

- Die nasie sal gediversifiseer word. ✓
- Sport verhoog sosiale samehorigheid. ✓
- Die spanne dien as die aantrekkingskrag vir die land.✓
- Sport verbreed die omvang van loopbaanopsies vir jongmense. ✓

**Enige relvante antwoord vir 1 punte elk.** (2x1) (2)

5.2. **Demonstreer op drie verskillende wyses hoe die gedrag van sekere spelers nasiebou kan afbreuk.**

- Toeskouers kan ✓ ongehoord optree en kan goed op die veld gooi.✓
- Dit veroorsaak verdeeldheid onder toeskouers ✓ en kan lei tot skade aan eiendom en mense wat mekaar seermaak. ✓
- Dit skep 'n gebrek aan vertroue in die span✓ en onder toeskouers.✓
- Dit kan die bestuur dwing om spelers te kies ✓ gebaseer op die gedrag van die toeskouers.✓

**Enige ander relevante antwoord vir twee punte elk.** (3x2) (6)

5.3. **Ondersoek DRIE faktore wat kan voorkom dat sommige jongmense deelneem aan fisieke- en ontspanningsaktiwiteite.**

- Akademiese werkslading en druk✓ - leerders ervaar baie akademies druk om goed te presteer en voel dus dat daar nie tyd is vir sport of ontspanning nie. ✓
- Tegnologie✓ - leerders is net geïnteresseerd in tegnologie soos byvoorbeeld: selfone, "Facebook", twitter en dink nie aan die belangrikheid van fisiese aktiwiteite nie. ✓
- Groepsdruk ✓ – Dit is nie die in ding om aan sport deel te neem nie, of dit is nie genoeg vermaaklik om dit op facebook te sit nie. ✓
- Swak houding en onfiks✓ - leerders is net lui en wil nie moeite doen om hard te werk nie.✓
- Gimnasium ✓- het duur aansluitingsfooie en maandelikse premies. ✓

**Enige ander relevante antwoord vir twee punte elk.** (3x2) (6)

**[14]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

**AFDELING C**

**VRAAG 6**

**6.1 Identifiseer enige DRIE tydvermorsers.**

- Gebrek aan beplanning. ✓
- Moeiliker take uitstel. ✓
- Lae selfbeeld / ✓Gebrek aan selfvertroue. ✓
- Onredelike vrese. ✓
- Lywige lys om te doen. ✓
- Verwyder nie onderbrekings nie. ✓
- Nie tyd op sosiale media skeduleer nie.✓

**Enige ander relevante antwoord vir EEN punt elk** (3x1)(3)

**6.2 Verduidelik DRIE maniere waarom tydbestuur belangrik is.**

- Meer werk word in 'n korter tyd verrig. ✓✓
- Verminder spanning.✓✓
- Help iemand om 'n goeie gewoonte te maak om ons daaglikse aktiwiteite te organiseer en te struktureer.✓✓
- Dit leer selfdissipline. ✓✓
- Help jou om vinniger te leer en te werk. ✓✓
- Stel jou in staat om op jou eie manier, stelselmatig, deur jou studies te werk. ✓✓

**Enige ander relevante antwoord vir TWEE punte elk** ✓✓ (3x2) (6)

**6.3 Beveel DRIE tydbestuurstegnieke aan wat leerders in hul studies moet gebruik.**

- Beplannig: ✓ jaarlikse studieplan te ontwikkel en daarby te hou. ✓
- Besluitneming: ✓ Om te help om spanning van dringendheid, sperdatums en hoë eise aan tyd te verminder. ✓
- Prioritiseer werk: ✓ Om tyd te maak vir jou prioriteite om die belangrikste take te identifiseer sodat daar meer aandag en energie bestee word. ✓
- Self-bewustheid: ✓ Om leerders te help om die leemte te verminder.✓
- Selfdissipline: ✓ Om sinnelose gewoontes te verander van ronddwaal en beheer te neem. ✓
- Tyd op take:✓ Voltooiing van die taak binne gegewe tydsraamwerk.✓

  **Enige ander relevante antwoord vir TWEE punte elk** ✓✓ (3x2)(6)

**[15]**

**VRAAG 7**

**Definieer die konsep omgewingskwessies en gee 'n voorbeeld van dit wat 'n negatiewe impak op die omgewing kan hê. (2 x 1 + 1)(3)**

Definisie: Dit is skadelike gevolge van menslike aktiwiteite op die omgewing.

Voorbeelde:

- Oorbevissing✓
- Ontbossing✓
- Besoedeling ✓
- Oorbevolking✓
- Klimaatsverandering✓
- Oorbeweiding✓

**Enige relevante antwoord vir een punt elk**

**Verduidelik drie punte, hoe vloede die samelewing negatief kan beinvloed:**

**(3 x 2)(6)**

- Hongersnood / hongerte wat deur baie mense ervaar word ✓wat deur voedseltekort veroorsaak word weens gronderosie. ✓
- Die toerismebedryf ly daaronder ✓as gevolg van die verlies aan fauna en flora.✓
- Afdankings / werkloosheid ✓in die primêre en sekondêre bedrywe as gevolg van lae omset.✓
- Tekort aan voedsel / inflasie ✓weens pryse wat te hoog is. ✓
- Verlies aan voedingstowwe ✓ as gevolg van onvrugbare grond, wat tot minder produksie lei. ✓
- Eskalasie van sosiale kwale soos misdaad ✓ om frustrasies aan te spreek / die regering te dwing om uitdeelstukke / kospakkies uit te deel. ✓

**Enige relevante antwooed vir twee punte elk**

**Stel DRIE maniere voor wat deur die leerder geïmplementeer kan word om omgewingskwessies in hul gemeenskappe aan te spreek. (3 x 2)(6)**

- Begin met gespreksaktiwiteite ✓om die gemeenskap te leer oor hoe om vir die omgewing te sorg. ✓
- Nooi die departement van waterwese uit ✓ om hul omgewingsbewarings-aktiwiteite te ondersteun en te borg. ✓
- 'n Bewusmakingsveldtog inisieer deur besprekings, debatte, praatjies oor omgewingskwessies✓ om die gemeenskappe bewus te maak oor die beskerming en bewaring van natuurlike hulpbronne. ✓
- Nooi omgewingsbewaarders / lewenswetenskaplikes / landbouwetenskaplikes of spesialiste uit ✓ om hulle toe te rus met die kennis en vaardighede oor hoe om na die omgewing om te sien. ✓

**Enige relevante antwoord vir twee punte elk.** **[15]**

**VRAAG 8**

**Verduidelik DRIE maniere waarop sosiale en / of kulturele sienings 'n positiewe welstand kan beïnvloed.** (3x1)(3)

**Leerders kan oor sosiale en/of kulturele aspekte skryf**

- Interaksie en aanvaarding in die gemeenskap dra positief by tot die welstand. ✓
- Om meer te leer oor ander geloofstelsels in ons gemeenskap, dus sal selfvertroue toeneem.✓
- Leer meer oor jou eie geloofstelsel sodat jy aan ander kan verduidelik waarom jy glo in wat jy doen. ✓
- Korrigeer jou eie gedagtes en gevoelens wat diskriminasie veroorsaak of ander geloofsisteme benadeel.✓
- Erkenning van die prestasie deur die gemeenskap. ✓
- Weier om stereotipiese opinies te versterk in jou gesprekke met vriende. ✓
- Kulturele praktyke - seksuele onthouding tot die huwelik help mense om gesond te bly. ✓
- Onthouding van dwelmmisbruik - verbeter die welstand van 'n mens. ✓

**ENIGE ander DRIE redes wat goed bespreek is.**

**Bespreek hoe die aard van verhoudings die afgelope dekade verander het, asook die redes vir hierdie verandering.** (3 x 2)(6)

**Twee punte vir 'n goed bespreekte antwoord oor die verandering in aard van verhoudings.**

- Baie min interaksie tussen mense ✓as gevolg van sosiale media / tegnologie.✓
- Gesinne eet nie saam nie✓ - verlies aan basiese gesinswaardes.✓
- Gebrek aan respek vir ouers✓ - sommige kinders dink dat hulle beter weet.✓
- Nie meer verdeling van inkomste met uitgebreide familie nie ✓ weens hoë lewenskoste.✓
- Ouers is so besig met hulle loopbaan✓dat daar baie minder kommunikasie is.✓
- Materiële winste ✓- sommige verhoudings is materialisties, daarom vind daar baie egskeidings plaas. ✓

**Enige relevante antwoorde vir twee Punte elk.**

**Stel DRIE maniere voor waarop jy gesins- en kulturele waardes in hierdie veranderende wêreld kan bewaar.** **(3x2)(6)**

- Gesinne kan saam aan ontspanningsaktiwiteite deelneem soos fietsry en visvang. ✓✓
- Gemeenskappe kan elke 3 maande kulturele geleenthede organiseer en gesinne kan aan tradisionele speletjies, sang en dans deelneem .✓✓
- Om familie reünies te hou. ✓✓
- Nooi ouer familielede om die familiegeskiedenis met jong geslagte te deel en die jeug aan te moedig om hulle na te boots. ✓✓
- Opname van familiegeskiedenis deur die skryf van boeke en op sosiale media.✓✓

**ENIGE ander relevante antwoorde vir twee punte elk.**

[15]

**TOTAAL AFDELING C: 30**

**GROOT TOTAAL: 80**